

Historiese Kleredragte

ONDER die bekwame leiding van die ere-kuratrie, mej. Trudie Kestell, dogter van wyle dr. J. D. Kestell, is 'n groot versameling historiese kleredragte opgebou. Honderde kledingstukke waaronder babakleertjies, dooprokke, kinderklere, dames- en mansklere, tjalties, onderklere, skoene, hoede en alles wat met kleding gepaard gaan, sowel as voorbeelde van kant, tafellopers, lappieskomberse en ook poppe en ou naaimasjiene word versorg en bewaar.

Die versamelings kampkappies, handgemaakte kant en weefwerk uit die weefskool van Emily Hobhouse verdien spesiale vermelding.


Onder die onlangse skenkings wat aan die Museum gemaak is, tel dié van mev. H. J. van Wyk, naamlik kleertjies van haar broers en sussies wat in die konsentrasiekamp te Norvalspont gedra en deur haar moeder, mev. J. H. du Plessis, bewaar is.

Mnr. H. J. Scheepers van Germiston het onder meer 'n handgeweefde kombers uit die weefskool van Emily Hobhouse, 'n onvoltooide kappie, handgemaakte kant en die broek wat sy vader as krygsgevangene in Ahmednagar, Indië, gedra het, geskenk.

Die Museum ontvang graag nog skenkings van kledingstukke. Sodanige goedere hoef nie noodwendig oud te wees in dié sin dat dit uit die vorige eeu moet dateer nie. Gister se klere wat vandag uit die mode is, is ook baie welkom.



Mej. Trudie Kestell (regs) ere-kuratrie vir Historiese Kleredragte ontvang 'n besonder mooi handgeborduurde onderrok wat omstreeks 1905/6 deur mev. A. Labuschagne (middel) van Aliwal Noord gemaak is. Oor die totale omtrek van 370 cm is 'n 30 cm breë strook geborduur. Mev. D. Noordermeer (links) van Bloemfontein, dogter van Mev. Labuschagne het hierdie kledingstuk aan die Museum geskenk. (Foto: "Die Volksblad")



Die trousesdoek van Caroline Fichardt uit die vorige eeu is 'n goeie voorbeeld van besonder fyngewerkte handgemaakte kant. Dit is deels kloskant en deels naaldekant met fyn masenet aanmekaar geheg. Op die meegaande vergroting kan die fyn stekies gesien word.



'n Kappie in 1835 gedra deur Martha Maria Lessing en deur haar dogter aan die Museum geskenk. Let op die skulppatroon om die rand. Die vergroting toon hoe koord gebruik is om die patroon te laat uitstaan. Let op die fyn stekies.



'n Blouswart fluweelaandrok versier met medaljons en gitkrale en wat agter uitpof om 'n bussel te vorm. Dit is in Londen, Engeland, gemaak deur James Shoolbred en in 1879 in die Vrystaat gedra deur mev. Charles Newberry.



'n Swart Sjinese sytjatie geborduur met gekleurde blomme en voëls. Dit is in 1932 gedra deur mej. M. D. Henry en in Maart 1973 aan die Museum geskenk.